

**12.3 RAPPORT 2 : DEPUTATE BEOORDELING VAN DIE BESWAARGRONDE VAN DIE BESWAARSKRIFTE VAN GK POTCHEFSTROOM-DIE BULT EN STREEKSINODE RANDVAAL TEEN BESLUIE VAN SINODE 2015 OOR “SPESIALE” SINODES (Art 253)**

**12.3 REPORT 2 : DEPUTIES FOR THE REVIEW OF THE PETITION GROUNDS OF THE PETITIONS OF PROTEST OF GK POTCHEFSTROOM-DIE BULT AND REGIONAL SYNOD RANDVAAL AGAINST DECISIONS OF SYNOD 2015 OVER “SPECIAL” SYNODS (Art 253)**

- A. Rapporte 12.2 en 12.3 word saam behandel.  
Reports 12.2 and 12.3 is tabled together.
- B. Die voorsitter stel Rapport 12.2.  
The chairman tables Report 12.2.
- C. Dr GJ Meijer stel Rapport 12.3.  
Dr GJ Meijer tables Report 12.3.
- D. **Besluit:** Rapport 12.2 word nie tot stemming gebring nie, aangesien die Minderheidsrapport 12.3 goedgekeur is.  
**Decision:** Report 12.2 is not brought to a vote because the Minority Report 12.3 was approved.

**E. RAPPORT / REPORT**

<p><b>1. Opdrag</b> Kyk Rapport 1. <b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p><b>2. Uitvoering van die opdrag</b> Kyk Rapport 1. <b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p><b>3. Beswaarskrif van GK Potchefstroom-Die Bult</b></p> <p>3.1 <i>Beswaargrond 1</i></p> <p>3.1.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 1</u> Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, art 29, wat die wyse bepaal waarop die kerke ooreengekom het om sake van gemeenskaplike belang af te handel.</p> <p>3.1.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 1</u> Die kerke het volgens KO, art 29 ooreengekom op die kerklike vergaderings waartydens besluite geneem word. Daar mag nie nog 'n vergadering hierby gevoeg word sonder dat die kerkordelike weg na behore geloop is waarop ooreengekom is om wysigings aan die Kerkorde te maak nie.</p> <p>3.1.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 1</u></p> <p>3.1.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat 'n Spesiale Sinode 'n nuwe</p>	<p><b>1. Mandate</b> See Report 1. <b>Decision: Noted.</b></p> <p><b>2. Execution of mandate</b> See Report 1. <b>Besluit: Kennis geneem.</b></p> <p><b>3. Petition of Protest of GK Potchefstroom-Die Bult</b></p> <p>3.1 <i>Petition Ground 1</i></p> <p>3.1.1 <u>Content of Petition Ground 1</u> The cited decisions of Synod 2015 are in conflict with CO, art 29 that sets out the procedure the churches agreed on for resolving matters of common interest.</p> <p>3.1.2 <u>Essence of petitioners' motivation for Petition Ground 1</u> The churches agreed through CO, art 29 on the church assemblies for making decisions. A further assembly may not be added thereto without properly following church procedure agreed for amending the Church Order.</p> <p>3.1.3 <u>Analysis of Petition Ground 1</u></p> <p>3.1.3.1 The petition ground makes the motivated argument that a Special</p>
--	---

<p>soort kerklike vergadering is wat nie in die Gereformeerde Kerkreg of Kerkorde bestaan nie. Die enigste wat die vergadering spesiaal maak, is die feit dat dit langs die bestaande mees meerdere vergadering (Algemene Sinode) 'n tweede, soortgelyke mees meerdere vergadering skep. In die kerkregering kan daar nie twee soortgelyke meerdere (of mees meerdere) vergaderings bestaan wat oor dieselfde agenda of agendapunt/e moet oordeel nie.</p> <p>3.1.3.2 “Meerdere” dui altyd op meer gawes (per implikasie meer kerke) wat vergader. Die Spesiale Sinode is nie 'n vergadering van meer kerke nie, maar van presies dieselfde aantal kerke as 'n Algemene Sinode. Die enigste verskil is die getal afgevaardigdes wat <i>verminder</i> word en nie <i>vermeerder</i> nie.</p> <p>3.1.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 1</u> Dat beswaargrond 1 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.2 <i>Beswaargrond 2</i></p> <p>3.2.1 <u>Inhoud van Beswaargrond 2</u> Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, artt 31 en 34, wat bepaal dat kerklike vergaderings sake behandel en indien daar nie consensus oor 'n saak is nie by wyse van stemming afhandel, en deeglik opteken wat noodsaaklik is.</p> <p>3.2.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 2</u> KO, art 31 stel beslissing by wyse van stemming as wyse om besluite te neem (indien daar nie konsensus is nie) en nie “eenstemmigheid” nie. KO, art 34 vereis dat besluite behoorlik genotuleer moet word. Die gebrek aan duidelike omskrywing en verstaan van die begrip “eenstemmigheid” bring KO, art 34 in gedrang.</p> <p>3.2.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 2</u></p> <p>3.2.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat Sinode 2015 nie (genoegsaam) rekening gehou het met die beginsel van meerderheidstem en daarmee gepaardgaande strewe na konsensus nie. Vanaf 1571 het</p>	<p>Synod is a new kind of church assembly, not included in Reformed church law or the Church Order. This assembly is only special in the sense that it creates, in conjunction with the existing major assembly (General Synod), a second similar major assembly. In church governance there cannot be two similar major (most major) assemblies that are to judge the same agenda or agenda item(s).</p> <p>3.1.3.2 “Major” always indicates more gifts (by implication more churches) meeting. The Special Synod is not an assembly of more churches, but of exactly the same number of churches as a General Synod. The only difference is that the number of delegates <i>decrease</i> and does not <i>increase</i>.</p> <p>3.1.4 <u>Recommendation : Petition Ground 1</u> Petition Ground 1 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.2 <i>Petition Ground 2</i></p> <p>3.2.1 <u>Content of Petition Ground 2</u> The cited decisions of Synod 2015 are in conflict with CO, arts 31 and 34 that stipulate that church assemblies review matters and should agreement not be reached, it be resolved by means of a vote and faithfully record all important aspects.</p> <p>3.2.2 <u>Essence of petitioners' motivation for Petition Ground 2</u> CO, art 31 states voting as means of resolution of matters (should consensus not be reached) and not “agreement”. CO, art 34 requires the faithful recording of decisions. The lack of a clear definition and understanding of the concept “agreement” compromises CO, art 34.</p> <p>3.2.3 <u>Analysis of Petition Ground 2</u></p> <p>3.2.3.1 The petition ground makes the motivated argument that Synod 2015 did not give (adequate) heed to the principle of majority vote and the associated pursuance of agreement. Reformed Synods have since 1571,</p>
--	---

<p>Gereformeerde Sinodes op die basis van die Skrif uitgemaak en kerkordelike gereël dat “die meerderheid beslis” (Bouwman deel 1, p54).</p> <p>3.2.3.2 Sinode Dordrecht 1578 het ‘n ekstra sinsnede ingevoeg om die belang en gewig van die meerderdestem en eenstemmigheid te aksentueer. “In alle saken (die altyts wtgehoem van denwelcken wy een wtgedrukt woordt Godts hebben = <i>altyd, behalwe sake waaroor ons ‘n uitdruklike Woord/opdrag/bevel van God het</i>) als de stemmen neerstelick sullen gewheghen syn salmen blyuen by het advies der meeste stemmen om daarna te besluiten, het welckce besluit een yeghelick schuldig sal syn na te koemen”.</p> <p>3.2.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 2</u> Dat beswaargrond 2 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.3 <u>Beswaargrond 3</u></p> <p>3.3.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 3</u> Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, art 30, wat bepaal dat meerdere vergaderings kerklike sake op ‘n kerklike wyse behandel en afhandel.</p> <p>3.3.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 3</u> In die lig van KO, art 30 is ‘n kerklike vergadering verplig om sy Agenda af te handel.</p> <p>3.3.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 3</u></p> <p>3.3.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat KO, art 30 geen onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlike sake maak nie. Alle kerklike sake wat ooreenkomstig KO, art 30 op die Agenda dien, moet met die nodige erns behandel en afgehandel word.</p> <p>3.3.3.2 In die motivering by Beswaargrond 2 is reeds verwys na Sinode Dordrecht 1578 wat “uitsondering” ingebou het wat betref die <i>hantering</i> van verskillende kerklike sake. As daar ‘n uitdruklike bevel van God oor ‘n saak bestaan, moet daar nie gestem word nie, maar saamgestem word (konsensus wees).</p>	<p>based on Scripture, agreed and set out in the Church Order that “the majority decides” (Bouwman, Part 1, p54).</p> <p>3.2.3.2 Synod Dordrecht 1578 added a further point in emphasis of the importance of the majority vote and agreement: “In alle saken (die altyts wtgehoem van denwelcken wy een wtgedrukt woordt Godts hebben = <i>always except matters in which we have the explicit Word/instruction/command of God</i>) als de stemmen neerstelick sullen gewheghen syn salmen blyuen by het advies der meeste stemmen om daarna te besluiten, het welckce besluit een yeghelick schuldig sal syn na te koemen”.</p> <p>3.2.4 <u>Recommendation : Petition Ground 2</u> Petition Ground 2 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.3 <u>Petition Ground 3</u></p> <p>3.3.1 <u>Content of Petition Ground 3</u> The cited decisions of Synod 2015 are in conflict with CO, art 30 that stipulates that major assembly ecclesiastical matters are reviewed and finalised in an ecclesiastical manner.</p> <p>3.3.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 3</u> In light of CO, art 30 a churchly assembly is obligated to finalise its Agenda.</p> <p>3.3.3 <u>Analysis of Petition Ground 3</u></p> <p>3.3.3.1 The petition ground provides a motivated argument that CO, art 30 makes no distinction between essential and non-essential matters. All ecclesiastical matters on the Agenda, in accordance to CO, art 30, must be reviewed and finalised with due respect.</p> <p>3.3.3.2 The motivation of Petition Ground 2 already refers to Synod Dordrecht 1578 that made allowance for the “exception” in <i>dealing</i> with different church matters. Matters that possess the explicit command of God are not put to a vote, but agreed (consensus is reached). This “exception” is applicable to the whole of the Agenda</p>
---	---

<p>Hierdie “uitsondering” is op die hele Agenda van die vergadering van toepassing en nie net op sekere sake, asof daar meer wesentlike en minder wesentlike sake sou wees nie. Daar bestaan inderdaad wel meer gewigtige sake as ander, soos aangetoon in die Beswaarskrif. As ‘n saak nie gewig/substansie het nie, hoort dit nie op die Agenda van ‘n kerklike vergadering nie.</p> <p>3.3.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 3</u> Dat beswaargrond 3 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.4 <u>Beswaargrond 4</u></p> <p>3.4.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 4</u> Sinode 2015 besluit ten gunste van die instelling van “Spesiale” Sinodes sonder dat die Sinode hom ooreenkomstig KO, art 33 van sy kerkordelike taak en funksie (te) kwyf.</p> <p>3.4.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 4</u> In die lig van KO, art 33 het die Sinode nie die Kerkorde toegepas toe hy besluite geneem het oor sogenaamde “Spesiale Sinodes” nie.</p> <p>3.4.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 4</u></p> <p>3.4.3.1 Die beswaargrond toon nie gemotiveerd aan waar en hoe Sinode 2015 KO, art 33 nie by sy besluit in berekening gebring het nie.</p> <p>3.4.3.2 Die beswaargrond gee in sy motivering ‘n kort oorsig oor die belang van KO, art 33 maar toon nie aan hoe dit relevant is met betrekking tot die Sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word nie.</p> <p>3.4.3.3 In die motivering van die beswaargrond word daar ook verwys na die Rapport van die Deputate Eenheid en Verskeidenheid. Dit word in die motivering van die beswaargrond gestel dat laasgenoemde Rapport geen beredenering verskaf op grond waarvan die Sinode besluite kon neem nie. Die feite is dat genoemde Rapport talle beredenerings bevat. Dit word egter “uiteensettings” genoem (Acta 2015:306 e.v., o.a. 4.1.1, 4.2.1, 4.3.1).</p> <p>3.4.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 4</u> Dat beswaargrond 4 nie slaag nie. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p>	<p>of the assembly and not only to certain matters, as though there are more essential and less-essential matters. Some matters are of greater weight, as indicated in the Petition of protest. A matter that doesn’t have weight/substance does not belong on the Agenda of a church assembly.</p> <p>3.3.4 <u>Recommendation : Petition Ground 3</u> Petition Ground 3 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.4 <u>Petition Ground 4</u></p> <p>3.4.1 <u>Content of Petition Ground 4</u> Synod 2015 decided in favour of instituting “Special Synods” without the Synod fulfilling its task and functions in accordance with church law and specifically CO, art 33.</p> <p>3.4.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 4</u> In light of CO, art 33, the Synod did not apply the Church Order in its decisions over so-called “Special Synods”.</p> <p>3.4.3 <u>Analysis of Petition Ground 4</u></p> <p>3.4.3.1 The Petition Ground does not provide a motivated argument on where and how Synod 2015 did not take CO, art 33 into account.</p> <p>3.4.3.2 The petition ground sets out a brief overview on the importance of CO, art 33, but does not show its relevance to the Synod decision it is opposing.</p> <p>3.4.3.3 The motivation of the petition ground also refers to the Report of the Deputies: Unity and Diversity and states that it does not provide the argument upon which the Synod could make decisions. The fact is that the mentioned Report contains a range of arguments that are called “expositions” (Acta 2015:306 et seq., <i>inter alia</i> 4.1.1, 4.2.1, 4.3.1).</p> <p>3.4.4 <u>Recommendation : Petition Ground 4</u> Petition Ground 4 does not succeed. <b>Decision: Approved.</b></p>
--	--

<p>3.5 <u>Beswaargrond 5</u></p> <p>3.5.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 5</u> Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, artt 31 en 46, wat die moontlikheid skep dat besluite van kerklike vergaderings hersien kan word indien bevind word dat 'n besluit verkeerdelik geneem is.</p> <p>3.5.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 5</u> KO, artt 31 en 46 stel die moontlikheid dat besluite verander kan word deur besware of appèlle. Die sogenaamde “Spesiale Sinodes” is egter ad hoc vergaderings wat nie weer byeengeroep kan word om oor dieselfde sake besluite te neem nie.</p> <p>3.5.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 5</u></p> <p>3.5.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat 'n kerkregtelike skaakmat (<i>catch 22</i>) situasie ontstaan wat betref die toepassing van KO, art 46 en die unieke samestelling van 'n Spesiale Sinode.</p> <p>3.5.3.2 Die saak wat deur die Spesiale Sinode behandel en afgehandel word, moet toetsbaar aan die Skrif wees (KO, art 31, NGB, artt 7 en 32).</p> <p>3.5.3.3 Omdat sake op die Agenda van 'n Spesiale Sinode slegs deur 'n Algemene Sinode vasgestel kan word, kan 'n versoek van 'n plaaslike kerk of mindere vergadering om die saak ooreenkomstig KO, art 46 weer te laat bespreek tegnies nie dien nie.</p> <p>3.5.3.4 'n Algemene Sinode moet in so 'n geval eers uitmaak of die saak wel hoegenaamd moet dien. Die Algemene Sinode het nie so 'n mandaat nie, omdat hy hom nie oor sake kan uitspreek wat deur 'n soortgelyke meerdere vergadering – nl die Spesiale Sinode – reeds afgehandel is nie (vgl motivering by beswaargrond 1).</p> <p>3.5.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 5</u> Dat beswaargrond 5 slaag.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.6 <u>Beswaargrond 6</u></p> <p>3.6.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 6</u> Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, artt 41, 47</p>	<p>3.5 <u>Petition Ground 5</u></p> <p>3.5.1 <u>Content of Petition Ground 5</u> The cited decisions of Synod 2015 are in conflict with CO, arts 31 and 46, which creates the possibility of revising decisions of church assemblies should it be found that a decision was taken in error.</p> <p>3.5.2 <u>Essence of petitioners' motivation of Petition Ground 5</u> CO, arts 31 and 46 create the possibility to change decisions by means of protest or appeal. The so-called “Special Synods” are, however, ad hoc assemblies that cannot be reconvened to resolve the same matters.</p> <p>3.5.3 <u>Analysis of Petition Ground 5</u></p> <p>3.5.3.1 The petition ground provides a motivated argument that a <i>catch 22</i> results in terms of the application of CO, art 46 and the unique composition of a Special Synod.</p> <p>3.5.3.2 The matter before the Special Synod for review and finalisation must be measurable against Scripture (CO, art 31, BC, arts 7 and 32).</p> <p>3.5.3.3 Since the matters on the Agenda of a Special Synod can only be determined by a General Synod, the request of a local church or minor assembly for a second review of a matter, in accordance with CO, art 46, is technically not possible.</p> <p>3.5.3.4 A General Synod must first determine whether the matter should be tabled at all. The General Synod does not have such a mandate, because it cannot rule on matters finalised by another major assembly – namely the Special Synod (compare motivation under Petition Ground 1).</p> <p>3.5.4 <u>Recommendation : Petition Ground 5</u> Petition Ground 5 succeeds.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.6 <u>Petition Ground 6</u></p> <p>3.6.1 <u>Content of Petition Ground 6</u> The cited decisions of Synod 2015 are in conflict with CO, arts 41, 47 and 50</p>
--	---

<p>en 50, wat inhou dat 'n kerklike vergadering se onvermoë om 'n saak te besleg altyd op die kerklike weg deur meer kerke behandel word.</p> <p>3.6.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 6</u> KO, artt 41 (Klassis); 47 (Streek-sinode) en 50 (Algemene Sinode) kom in die gedrang, aangesien die beginsel geld dat meer kerke meer gawes het wat sake behandel (en afhandel) wat mindere vergaderings nie kon afhandel nie (of sake behandel wat tuis behoort op die tafel van die betrokke meerdere vergadering).</p> <p>3.6.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 6</u></p> <p>3.6.3.1 Die beswaargrond is in verskeie opsigte onduidelik.</p> <p>3.6.3.2 Die relevansie van die tweede deel van die sin vloei nie logies voort uit die stelling in die eerste sin nie. Die motivering maak dit ook nie duidelik wat die vermeende onvermoë is waarvan melding gemaak word nie.</p> <p>3.6.3.3 In die motivering word na verskeie sake verwys wat geen aanduiding gee van verwantskap met die beswaargrond nie, bv KO, art 84.</p> <p>3.6.3.4 Motivering 2.6.1.2 oor “meerder” en “minder” is reeds by beswaargrond 1 hanteer. Dit is nie duidelik hoe dit met hierdie beswaargrond integreer nie.</p> <p>3.6.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 6</u> Dat beswaargrond 6 nie slaag nie.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.7 <u>Beswaargrond 7</u></p> <p>3.7.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 7</u> Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 veridel die doel van KO, artt 35, 37 en 45, wat in aansluiting by KO, artt 17 en 84 menslike hiërgievorming in die kerk verbied en doelbewus teëwerk.</p> <p>3.7.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 7</u> Die sinodebesluit oor “Spesiale Sinodes” bring KO artt 35, 37, 45, 17 en 84 in gedrang wat duidelik daarop gerig is om menslike hiërgie in die kerk teen te werk.</p> <p>3.7.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 7</u></p> <p>3.7.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd</p>	<p>that stipulate that a church assembly's inability to settle a matter are always reviewed by more churches, according to church procedure.</p> <p>3.6.2 <u>Essence of petitioners' motivation of Petition Ground 6</u> CO, arts 41 (Classis); 47 (Regional Synod) and 50 (General Synod) are compromised, because of the principle that the more churches the more gifts to review (and finalise) matters minor assemblies were unable to resolve (or review matters belonging on the table of the relevant major assembly).</p> <p>3.6.3 <u>Analysis of Petition Ground 6</u></p> <p>3.6.3.1 The petition ground is unclear in a number of ways.</p> <p>3.6.3.2 The relevance of the second part of the sentence does not logically flow from the statement of the first sentence and the motivation doesn't explain the apparent inability mentioned.</p> <p>3.6.3.3 The motivation refers to a number of matters with no indication of their relevance to the petition ground, e.g. CO, art 84.</p> <p>3.6.3.4 Motivation 2.6.1.2 on “more” and “less” was already addressed under Petition Ground 1 and it is unclear how it relates to this petition ground.</p> <p>3.6.4 <u>Recommendation : Petition Ground 6</u> Petition Ground 6 does not succeed.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.7 <u>Petition Ground 7</u></p> <p>3.7.1 <u>Content of Petition Ground 7</u> The cited decisions of Synod 2015 defeat the purpose of CO, arts 35, 37 and 45 that forbid and actively oppose, in conjunction with CO, arts 17 and 84, human hierarchy building in the church.</p> <p>3.7.2 <u>Essence of petitioners' motivation of Petition Ground 7</u> The Synod decision on “Special Synods” compromises CO, arts 35, 37, 45, 17 and 84 that are clearly aimed at preventing human hierarchy building in the church.</p> <p>3.7.3 <u>Analysis of Petition Ground 7</u></p> <p>3.7.3.1 The petition ground provides a</p>
--	---

<p>aan dat die hart en siel van die Kerkorde aangetas word vanweë die feit dat:</p> <p>3.7.3.1.1 Een meerdere vergadering (Algemene Sinode) ipv die plaaslike kerk/e (KO, art 45) 'n soortgelyke meerdere vergadering (Spesiale Sinode) se Agenda bepaal;</p> <p>3.7.3.1.2 Die Voorsitter van die bestaande meerdere vergadering as Voorsitter ageer om die nuwe vergadering te konstitueer (KO, art 35).</p> <p>3.7.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 7</u> Dat beswaargrond 7 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.8 <i>Beswaargrond 8</i></p> <p>3.8.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 8</u> Sinode 2015 besluit ten gunste van beoogde “Spesiale” Sinodes sonder om daarop ag te slaan dat die aangeleentheid (“Spesiale” Sinodes) in terme van KO, artt 30, (33) en 49 by wyse van die Rapport, Deputate Eenheid in Verskeidenheid, onreëlmstig op die Agenda van Sinode 2015 gekom het.</p> <p>3.8.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 8</u> KO, artt 30, 33 en (veral) 49 kom in gedrang, aangesien die saak van “Spesiale Sinodes” via ‘n Deputaterapport op die tafel gekom het waartydens die Deputate (in teenstryd met KO, art 49) buite hul welomskrewe mandaat opgetree het.</p> <p>3.8.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 8</u></p> <p>3.8.3.1 Die beswaargrond toon nie gemotiveerd aan dat die Deputate Eenheid en Verskeidenheid hulle welomskrewe opdrag misverstaan of oorspeel het nie.</p> <p>3.8.3.2 Dit is op sigself nie vreemd, onmoontlik of verkeerd dat Deputate ‘n saak na vore kan bring wat vanuit hulle werksaamhede logies voortvloei en waaroor dus deur die Sinode beslis kan word nie.</p> <p>3.8.3.3 Bowendien het Streeksinode Pretoria dieselfde saak by wyse van ‘n Beskrywingspunt op die Agenda geplaas.</p>	<p>motivated argument that the heart and soul of the Church Order is threatened by:</p> <p>3.7.3.1.1 one major assembly (General Synod), instead of the local church(es) (CO, art 45) determines the Agenda of a similarly major assembly (Special Synod); and;</p> <p>3.7.3.1.2 the chair of the convening major assembly acting as chair to constitute the new assembly (CO, art 35).</p> <p>3.7.4 <u>Recommendation : Petition Ground 7</u> Petition Ground 7 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.8 <i>Petition Ground 8</i></p> <p>3.8.1 <u>Content of Petition Ground 8</u> Synod 2015 decided in favour of the envisaged “Special Synods” without taking heed that the matter (“Special Synods”) was included on Agenda of Synod 2015 through irregular means, in terms of CO, arts 30, (33) and 49, by way of the Report of the Deputies: Unity and Diversity.</p> <p>3.8.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 8</u> CO, arts 30, 33 and (particularly) 49 are compromised, since the matter of “Special Synods” was tabled via a Deputy report whereby the Deputies (in conflict with CO, art 49) acted outside their well-defined mandate.</p> <p>3.8.3 <u>Analysis of Petition Ground 8</u></p> <p>3.8.3.1 The petition ground does not provide a motivated argument that the Deputies: Unity and Diversity misunderstood or overstepped their well-defined instruction.</p> <p>3.8.3.2 It is not in itself strange, impossible or wrong for Deputies to raise a matter that logically flows from their work for the Synod to resolve.</p> <p>3.8.3.3 Besides, Regional Synod Pretoria placed the same matter on the agenda by means of a Point of description.</p>
--	---

<p>3.8.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 8</u> Dat beswaargrond 8 nie slaag nie. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>3.9 <i>Algehele bevinding</i> 3.9.1 Beswaargronde 1, 2, 3, 5 en 7 slaag. 3.9.2 Beswaargronde 1, 2, 3, 5 en 7 bevat wesentlike sake. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p><b>4. Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal</b></p> <p>4.1 <i>Beswaargrond 1</i> 4.1.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 1 (kyk Beswaargrond 8 Potchefstroom-Die Bult)</u> Die saak van Spesiale Sinodes kom onordelik, met 'n verbreking van KO, artt 30, 33 en 49, op die tafel van die Algemene Sinode 2015 vir behandeling.</p> <p>4.1.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 1</u> KO, artt 30, 33 en 49 kom in gedrang deurdat die saak van "Spesiale Sinodes" onordelik op die tafel kom.</p> <p>4.1.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 1</u> 4.1.3.1 Die beswaargrond toon nie gemotiveerd aan dat die Deputate Eenheid en Verskeidenheid hulle welomskrewe opdrag misverstaan of oorspeel het nie. 4.1.3.2 Dit is op sigself nie vreemd, onmoontlik of verkeerd dat Deputate 'n saak na vore kan bring wat vanuit hulle werksaamhede logies voortvloei en waaroor dus deur die Sinode beslis kan word nie. 4.1.3.3 Bowendien het Streeksinode Pretoria dieselfde saak by wyse van 'n Beskrywingspunt op die Agenda geplaas.</p> <p>4.1.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 1</u> Dat beswaargrond 1 nie slaag nie. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>4.2 <i>Beswaargrond 2</i> 4.2.1 <u>Inhoud van Beswaargrond 2</u> Die besluit van die Algemene Sinode 2015 "dat die onderskeie Streeksinodes die nodige afvaardiging sal doen volgens eie reëlins vir die Spesiale Sinode Julie 2015" (Acta 2015:323, 2.2.1), verbreek KO, artt</p>	<p>3.8.4 <u>Recommendation : Petition Ground 8</u> Petition Ground 8 does not succeed. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>3.9 <i>General finding</i> 3.9.1 Petition Grounds 1, 2, 3, 5 and 7 succeed. 3.9.2 Petition Grounds 1, 2, 3, 5 and 7 comprise essential matters. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p><b>4. Petition of Protest Regional Synod Randvaal</b></p> <p>4.1 <i>Petition Ground 1</i> 4.1.1 <u>Content of Petition Ground 1 (see Petition Ground 8 Potchefstroom-Die Bult)</u> Placing the matter of Special Synods on the Agenda of the General Synod 2015 is in breach of CO, arts 30, 33 and 49.</p> <p>4.1.2 <u>Essence of petitioners' motivation of Petition Ground 1</u> CO, arts 30, 33 and 49 are compromised by the irregular tabling of the matter of "Special Synods".</p> <p>4.1.3 <u>Analysis of Petition Ground 1</u> 4.1.3.1 The petition ground does not provide a motivated argument that the Deputies: Unity and Diversity misunderstood or overstepped their well-defined instruction. 4.1.3.2 It is not in itself strange, impossible or wrong for Deputies to raise a matter that logically flows from their work for the Synod to resolve. 4.1.3.3 Besides, Regional Synod Pretoria placed the same matter on the Agenda by means of a Point of description.</p> <p>4.1.4 <u>Recommendation : Petition Ground 1</u> Petition Ground 1 does not succeed. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>4.2 <i>Petition Ground 2</i> 4.2.1 <u>Content of Petition Ground 2</u> The decision of the General Synod 2015 that the different Regional Synods to do the delegation according to own arrangement, for the Special Synod July 2015" (Acta 2015:323, 2.2.1) is in breach of CO, arts 31 and</p>
--	--



<p>31 en 46.</p> <p>4.2.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 2</u> KO, artt 31 en 46 kom in gedrang, aangesien “Streeksinodes” “volgens eie reëling” kan afvaardig.</p> <p>4.2.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 2</u> Hier volg ‘n heel tegniese relaas wat daarop dui dat dieselfde Sinode reeds ‘n besluit geneem het en nou, in teenstelling met sy vorige besluit, ‘n ander besluit geneem het wat indruis teen die eerste besluit wat hy geneem het. Daar word beredeneer dat die vergadering eers die eerste besluit kan wysig nadat die kerklike weg volgens KO, artt 31 en 46 gevolg is. ‘n Bestaande vergadering het egter die volste reg om ‘n besluit wat hy staande die vergadering geneem het te mag wysig. Daardie bevoegdheid bestaan nie meer nadat die vergadering afgesluit is nie. Wat wel toegegee moet word, is dat die optrede om ‘n gewysigde besluit op ‘n vergadering te neem nadat daar reeds oor daardie saak ‘n besluit geneem is, erg onordelik is.</p> <p>4.2.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 2</u> Dat beswaargrond 2 nie slaag nie. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>4.3 <i>Beswaargrond 3</i></p> <p>4.3.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 3 (kyk Beswaargrond 1 Potchefstroom-Die Bult)</u> Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes gehou word (Acta 2015:319, 6.3.3.1) is in stryd met KO, artt 29, 46 en 86.</p> <p>4.3.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 3</u> KO, artt 29, 46 en 86 kom in gedrang deur die besluit om “Spesiale Sinodes” te hou.</p> <p>4.3.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 3</u></p> <p>4.3.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat ‘n Spesiale Sinode ‘n nuwe soort kerklike vergadering is wat nie in die Gereformeerde Kerkreg of Kerkorde bestaan nie. Die enigste wat die vergadering spesiaal maak, is die feit dat dit langs die bestaande mees meerdere verga-</p>	<p>46.</p> <p>4.2.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 2</u> CO, arts 31 and 46 are compromised by Regional Synods being allowed to delegate “according to own arrangement”.</p> <p>4.2.3 <u>Analysis of Petition Ground 2</u> This is a technical account that indicates that the Synod came to a decision and then came to a completely different decision that is in direct contrast to the first decision made. It is argued that the assembly could only amend the first decision once it followed the church procedure contained in CO, arts 31 and 46. An assembly is fully entitled to revise a decision taken at that assembly while in session. Once the assembly has been adjourned, this is no longer possible. Admittedly, revising an already-taken decision at an assembly is highly irregular.</p> <p>4.2.4 <u>Recommendation : Petition Ground 2</u> Petition Ground 2 does not succeed. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>4.3 <i>Petition Ground 3</i></p> <p>4.3.1 <u>Content of Petition Ground 3 (see Petition Ground 1 Potchefstroom-Die Bult)</u> The decision of the General Synod 2015 to convene Special Synods (Acta 2015:319, 6.3.3.1) is in conflict with CO, arts 29, 46 and 86.</p> <p>4.3.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 3</u> CO, arts 29,46 and 86 are compromised by the decision to institute “Special Synods”.</p> <p>4.3.3 <u>Analysis of Petition Ground 3</u></p> <p>4.3.3.1 The petition ground provides a motivated argument that a Special Synod is a new type of church assembly not included in Reformed church law or the Church Order. This assembly is only special in the sense that it creates, in conjunction with the existing major assembly (General</p>
--	--

<p>dering (Algemene Sinode) ‘n tweede, soortgelyke mees meerdere vergadering skep.</p> <p>4.3.3.2 In die kerkregering kan daar nie twee soortgelyke meerdere (of mees meerdere) vergaderings bestaan wat oor dieselfde agenda of agendapunt/e moet oordeel nie.</p> <p>4.3.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 3</u> Dat beswaargrond 3 slaag.</p> <p><b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>4.4 <u>Beswaargrond 4</u></p> <p>4.4.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 4 (kyk Beswaargrond 5 Potchefstroom-Die Bult)</u> Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes gehou word (Acta 2015:319, 6.3.3.1), is in stryd met KO, artt 31 en 46.</p> <p>4.4.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 4</u> KO, artt 31 en 46 kom in gedrang, aangesien die besluite van ‘n “Spesiale Sinode” nie gewysig kan word deur beswaar of appèl nie.</p> <p>4.4.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 4</u></p> <p>4.4.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat ‘n kerkregtelike skaakmat (<i>catch 22</i>) situasie ontstaan wat betref die toepassing van KO, art 46 en die unieke samestelling van ‘n Spesiale Sinode.</p> <p>4.4.3.2 Die saak wat deur die Spesiale Sinode behandel en afgehandel word, moet toetsbaar aan die Skrif wees (KO, art 31, NGB, artt 7 en 32).</p> <p>4.4.3.3 Omdat sake op die Agenda van ‘n Spesiale Sinode slegs deur ‘n Algemene Sinode vasgestel kan word, kan ‘n versoek van ‘n plaaslike kerk of mindere vergadering om die saak ooreenkomstig KO, art 46 weer te laat bespreek tegnies nie dien nie.</p> <p>4.4.3.4 ‘n Algemene Sinode moet in so ‘n geval eers uitmaak of die saak wel hoegenaamd moet dien. Die Algemene Sinode het nie so ‘n mandaat nie, omdat hy hom nie oor sake kan uitspreek wat deur ‘n soortgelyke meerdere vergadering – nl die Spesiale Sinode – reeds afgehandel is nie (vgl motivering by</p>	<p>Synod), a second similar major assembly.</p> <p>4.3.3.2 In church governance there cannot be two similar major (most major) assemblies that are to judge the same agenda or agenda item(s).</p> <p>4.3.4 <u>Recommendation : Petition Ground 3</u> Petition Ground 3 succeeds.</p> <p><b>Decision: Approved.</b></p> <p>4.4 <u>Petition Ground 4</u></p> <p>4.4.1 <u>Content of Petition Ground 4 (see Petition Ground 5 Potchefstroom-Die Bult)</u> The decision of General Synod 2015 to institute Special Synods (Acta 2015:319, 6.3.3.1) is in conflict with CO, arts 31 and 46.</p> <p>4.4.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 4</u> CO, arts 31 and 46 are compromised since the decisions of a “Special Synod” cannot be amended by means of protest or appeal.</p> <p>4.4.3 <u>Analysis of Petition Ground 4</u></p> <p>4.4.3.1 The petition ground provides a motivated argument that a <i>catch 22</i> results in terms of the application of CO, art 46 and the unique composition of a Special Synod.</p> <p>4.4.3.2 The matter before the Special Synod for review and finalisation must be measurable against Scripture (CO, art 31, BC, arts 7 and 32).</p> <p>4.4.3.3 Since the matters on the Agenda of a Special Synod can only be determined by a General Synod, the request of a local church or minor assembly for a second review of a matter, in accordance with CO, art 46, is technically not possible.</p> <p>4.4.3.4 A General Synod must first determine whether the matter should be tabled at all. The General Synod does not have such a mandate, because it cannot rule on matters finalised by another major assembly – namely the Special Synod (compare motivation under Petition Ground 1).</p>
---	---

<p>beswaargrond 1).</p> <p>4.4.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 4</u> Dat beswaargrond 4 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>4.5 <u>Beswaargrond 5</u></p> <p>4.5.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 5 (kyk Beswaargrond 3 Potchefstroom-Die Bult)</u> Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat “<i>Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor ‘n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis</i>” (Acta 2015:319, 6.3.3.5), is in stryd met KO, artt 30 en 31.</p> <p>4.5.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 5</u> KO, artt 30 en 31 kom in gedrang aangesien daar op “<i>Spesiale Sinodes</i>” by wyse van “<i>eenstemmigheid</i>” en nie meer (soos ooreengekom volgens KO, art 31) by wyse van meerderheidstem besluit word nie.</p> <p>4.5.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 5</u></p> <p>4.5.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat KO, art 30 geen onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlike sake maak nie. Alle kerklike sake wat ooreenkomstig KO, art 30 op die Agenda dien, moet met die nodige erns behandel en afgehandel word.</p> <p>4.5.3.2 Sinode Dordrecht 1578 het ‘n “<i>uitsondering</i>” ingebou het wat betref die <i>hantering</i> van verskillende kerklike sake. As daar ‘n uitdruklike bevel van God oor ‘n saak bestaan, moet daar nie gestem word nie, maar saamgestem word (konsensus wees). Hierdie “<i>uitsondering</i>” is op die hele Agenda van die vergadering van toepassing en nie net op sekere sake, asof daar meer wesentlike en minder wesentlike sake sou wees nie. Daar bestaan inderdaad wel meer gewigtige sake as ander, soos aangetoon in die Beswaarskrif. As ‘n saak nie gewig/substansie het nie, hoort dit nie op die Agenda van ‘n kerklike vergadering nie.</p>	<p>4.4.4 <u>Recommendation : Petition Ground 4</u> Petition Ground 4 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p> <p>4.5 <u>Petition Ground 5</u></p> <p>4.5.1 <u>Content of Petition Ground 5 (see Petition Ground 3 Potchefstroom-Die Bult)</u> The decision of the General Synod 2015 that <i>Special Synods finalise referred matters as soon as agreement has been reached on a matter(s) and then notify the churches</i> (Acta 2015:319, 6.3.3.5) is in conflict with CO, arts 30 and 31.</p> <p>4.5.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 5</u> CO, arts 30 and 31 are compromised, since decisions are made at “<i>Special Synods</i>” by means of “<i>agreement</i>” and no longer (as agreed in CO, art 31) by means of majority vote.</p> <p>4.5.3 <u>Analysis of Petition Ground 5</u></p> <p>4.5.3.1 The petition ground provides a motivated argument that CO, art 30 does not distinguish between essential and non-essential matters. All matters included on the agenda, in accordance with CO, art 30, must be reviewed and finalised with the necessary seriousness.</p> <p>4.5.3.2 Synod Dordrecht 1578 added an “<i>exception</i>” regarding the <i>review</i> of different church matters. Should there be an explicit command of God on a matter, then it must be resolved by means of agreement and not a majority vote. This “<i>exception</i>” is applicable to the agenda of the assembly and not only to certain matters, as though there are essential and less-essential matters. Some matters are of greater weight, as indicated in the petition of protest. A matter that doesn’t have weight/substance does not belong on the agenda of a church assembly.</p>
--	--

<p>4.5.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 5</u> Dat beswaargrond 5 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p>	<p>4.5.4 <u>Recommendation : Petition Ground 5</u> Petition Ground 5 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p>
<p>4.6 <u>Beswaargrond 6</u></p>	<p>4.6 <u>Petition Ground 6</u></p>
<p>4.6.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 6 (kyk Beswaargrond 7 Potchefstroom-Die Bult)</u> Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat “n <i>Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering ‘n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode</i>” (Acta 2015:319, 6.3.3.3), is in stryd met KO, artt 34 en 35.</p>	<p>4.6.1 <u>Content of Petition Ground 6 (see Petition Ground 7 Potchefstroom-Die Bult)</u> The decision of General Synod 2015 that a <i>Special Synod is constituted the first time led by the Chair and Scribe of the previous General Synod, upon which the assembly appoints a Moderamen for reviewing matters referred by the General Synod</i> (Acta 2015:319, 6.3.3.3) is in conflict with CO, arts 34 and 35.</p>
<p>4.6.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 6</u> KO, artt 34 en 35 kom in gedrang, aangesien “<i>Spesiale Sinodes</i>” konstitueer onder die leiding van die vorige Algemene Sinode se Voorsitter en Skriba.</p>	<p>4.6.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 6</u> CO, arts 34 and 35 are compromised when the Chair and Scribe of the adjourned General Synod heads the constituting of “<i>Special Synods</i>”.</p>
<p>4.6.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 6</u></p>	<p>4.6.3 <u>Analysis of Petition Ground 6</u></p>
<p>4.6.3.1 Die beswaargrond toon gemotiveerd aan dat die hart en siel van die Kerkorde aangetas word vanweë die feit dat:</p>	<p>4.6.3.1 The petition ground provides a motivated argument that the heart and soul of the Church Order is compromised by:</p>
<p>4.6.3.1.1 Een meerdere vergadering (Algemene Sinode) in plaas van die plaaslike kerk/e (KO, art 45) ‘n soortgelyke meerdere vergadering (Spesiale Sinode) se Agenda bepaal;</p>	<p>4.6.3.1.1 one major assembly (General Synod), instead of the local church(es) (CO, art 45) determining the Agenda of another major assembly (Special Synod); and;</p>
<p>4.6.3.1.2 Die Voorsitter van die bestaande meerdere vergadering as Voorsitter ageer om die nuwe vergadering te konstitueer (KO, art 35).</p>	<p>4.6.3.1.2 the Chair of the convening major assembly acting as chair to constitute the new assembly (CO, art. 35).</p>
<p>4.6.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 6</u> Dat beswaargrond 6 slaag. <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p>	<p>4.6.4 <u>Recommendation : Petition Ground 6</u> Petition Ground 6 succeeds. <b>Decision: Approved.</b></p>
<p>4.7 <u>Beswaargrond 7</u></p>	<p>4.7 <u>Petition Ground 7</u></p>
<p>4.7.1 <u>Inhoud van Bewaargrond 7</u> Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat <i>Spesiale Sinodes</i> gehou word (Acta 2015:319, 6.3.3.1), is in stryd met KO, art 36. <i>Dieselfde seggenskap het die Klassis oor die Kerkraad wat die Streeksinode oor die Klassis, die Algemene Sinode oor die Streeksinode.</i></p>	<p>4.7.1 <u>Content of Petition Ground 7</u> The decision of General Synod 2015 to institute <i>Special Synods</i> (Acta 2015:319, 6.3.3.1) is in conflict with CO, art 36. <i>The Regional Synod has the same authority over the Classis as the Classis has over the Church Council and the General Synod has over the Regional Synod.</i></p>

<p>4.7.2 <u>Essensie van beswaardes se motivering vir Beswaargrond 7</u>          KO, art 36 kom in gedrang aangesien die seggenskap of gesag van alle vergaderings slegs Woordgesag (die gesag van Christus) is.</p> <p>4.7.3 <u>Beredenering van Beswaargrond 7</u>          Die sogenaamde “Spesiale Sinodes” sou wel besluite kon neem wat die toets van die Woord deurstaan. Dus kom KO, art 36 nie noodwendig hierdeur in die gedrang nie. Wat wel waar is (maar dit raak nie KO, art 36 nie), is dat die besluit dat kerke slegs in kennis gestel sal word van die besluite van “Spesiale Sinodes” ‘n vorm van kollegialisme is.</p> <p>4.7.4 <u>Aanbeveling : Beswaargrond 7</u>          Dat beswaargrond 7 nie slaag nie.  <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p> <p>4.8 <i>Algehele bevinding</i></p> <p>4.8.1 Beswaargronde 3, 4, 5 en 6 slaag.</p> <p>4.8.2 Beswaargronde 3, 4, 5 en 6 bevat wesentlike sake.  <b>Besluit: Goedgekeur.</b></p>	<p>4.7.2 <u>Essence of petitioners’ motivation of Petition Ground 7</u>          CO, art 36 is compromised since the only authority over all assemblies is the Word (the authority of Christ).</p> <p>4.7.3 <u>Analysis of Petition Ground 7</u>          The so-called “Special Synods” would make decisions that would conform to the Word and so CO, art 36 wouldn’t necessarily be compromised. It is, however, true that the decision to only notify the churches of decisions of “Special Synods” is a form of collegialism.</p> <p>4.7.4 <u>Recommendation : Petition Ground 7</u>          Petition Ground 7 does not succeed.  <b>Decision: Approved.</b></p> <p>4.8 <i>Overall finding</i></p> <p>4.8.1 Petition Grounds 3, 4, 5 and 6 succeed.</p> <p>4.8.2 Petition Grounds 3, 4, 5 and 6 comprise essential matters.  <b>Decision: Approved.</b></p>
--	---